Rugby bring nuwe hoop in Mitchell's Plain

'Vra jy vandag 'n skoolkind in Mitchell's Plain op die Kaapse Vlakte vir watter rugbyspan hy graag wil speel, sal hy sonder aarseling vir jou sê die Matie Akademiespan.' – Russel Carelse, sportbestuurder, Matie Rugby Akademie.

Kom sak saam in die skrum. Die Akademie in Mitchell's Plain geniet die ondersteuning van Sarvu. Vlnr. is Sarvu se hoof-uitvoerend beampte, mnr Mveleli Ncula, wat op 27 April 'n toernooi van die Akademie in Khayelitsha bygewoon het; "Uncle" Dan Adams, 'n afgetrede skoolhoof wat reuse-werk vir die Akademie in die gebied verrig; Xhanti Lamani, 'n gemeenskapsverhoudingsbeampte en Russel Carelse. Voor is Tembanie Ngulanga van Khyalitsha skole wat die Akademie ook in hierdie woongebiede vrywillig bystaan.

Dat rugby nou se dae in Mitchell's Plain, een van Kaapstad se grootste voorstede, floreer en ook besig is om veld te wen in woongebiede soos Khayelitsha, Gugulethu, Crossroads, Phillipi en die informele nedersetting, Samora Machel, is omrede Maties Rugby omgee. Nie te lank gelede was dit hoegenaamd nie die geval nie. Maar toe kruis die weë van Belius Potgieter en Russel Carelse op 'n dag.

Potgieter, direkteur van Sport aan Maties, en Carelse, 'n oud-onderwyser, gebore en getoë in Mitchell's Plain en in beheer van dié groot woongebied se pas gestigte Rugby Akademie, het ontmoet om te gesels oor die aanbied van 'n rugbydag op Coetzenburg. Dié twee manne het onmiddellik aanklank by mekaar gevind. Die gevolg was 'n uiters suksesvolle rugbydag, en die saamsnoer van kragte om die Matie Mitchell's Plain Rugby Akademie (MAMIRA) te stig - met Carelse as hoof.

"Drie bôlle en 'n fiets," sê Carelse, is wat hy gehad het om mee te werk voordat "ek Belius Potgieter leer ken het."

Hy vertel: "Maar toe verander dinge sommer drasties. Die Matie Rugbyklub het summier aan ons groot voorrade rugbytruie, balle, oefen-sweetpakke, têkkelsake, paalbeskermers en ander apparaat geskenk. Toe kon daar begin word met die ontwikkeling en opheffing van jong rugbyspelers aan die 92 skole in Mitchell's Plain waarvan die meeste tussen 1000 en 1500 leerders het.

"Die gehalte van rugby in Mitchell's Plain was pateties. Die meeste skole het dit nie eers gespeel nie en die geriewe was swak. Belius-hulle het vir ons velde gehuur en ook raad gegee met die saamstel van 'n struktuur, soos dat skole bv. in sones en subsones verdeel is. Afrigtingsklinieke word by skole gehou en onderwysers help graag."

Carelse sê die standaard van rugby in Mitchell's Plain is vandag op 'n hoë vlak.

"Ons is van o.7 tot o.19 'boots & all' in die WP-rugby-struktuur. Ons een o.16-span is tot dusver nog onoorwonne. Van ons outjies het al WP junior spanne gehaal en Michael Grootboom, wat uit 'n plakkerskamp (informele nedersetting) kom, het die o.13 Cravenweek-span gehaal.

Carelse kry ook al hoe meer versoeke uit gebiede soos Gugulethu, Crossroads, Phillipi, Malmesbury en selfs die Oos-Kaap om te kom handgee. In Khyalitsha is hy reeds by 18 skole betrokke. By die eerste afrigtingskliniek het daar sowat 300 leerders opgedaag en dit nadat die skoolhoof erg skepties teenoor Carelse opgemerk het dat sy leerders maar eintlik sokker speel.

Belius Potgieter het hulde gebring aan die werk wat Russel Carelse en sy vrywillige helpers verdien.

"Hulle onbaatsugtige pogings verander baie jongelinge se lewens. En hulle slaag op bewonderenswaardige wyse daarin om talle jeugdiges te laat omdraai van ingeslane, verkeerde weë. Hulle gaan voluit om te help dat jeugdiges hul volle potensiaal verwesenlik, nie net in rugby nie, maar ook in die lewe."

'n Laaste woord hieroor van me Bernie September, bekende sielkundige en sakevrou van Kaapstad en ook deeltydse dosent aan die Universiteit se Nagraadse Bestuurskool in Bellville: "Die pogings van Russel Carelse se Matie Akademie verander jong lewens drasties ten goede. Hulle gee jong mense 'n droom om na te streef. Jongelinge studeer harder, het meer dissipline en betoon groter respek teenoor hulle ouers. Russel is vir hulle die rolmodel wat baie van hulle nog nooit gehad of geken het nie."

Die geesdrif vir rugby is onmeetbaar en by talle oefenkampe, moet Russel Carelse 'n luidspreker gebruik. Dit is glad nie ongewoon dat tot 300 outjies vir so 'n geleentheid opdaag nie.

Van o.7 (soos die mannetjies wat Carelse hier touwys maak) tot o.19 loop die belangstelling hoog om te kan rugby speel.

Nou nie juis Kamp Staaldraad nie... maar Mnadishi Tshonti, 'n vrywilliger wat help in Khayelitsha, laat hierdie spelertjies goed sweet ter opwarming vir hulle rugbyoefening.

• 'n Sewes o.19-span van die Matie Akademie is genooi om op 23 en 24 Julie in Kuala Lumpur, Maleisië, deel te neem teen spanne van onder meer Sri Lanka, Japan, Singapoer en Hong Kong. Die uitnodiging is persoonlik gerig deur die president van die Maleisiese Rugbyunie, mnr Jalil Bin HJ. Bornhanuddin. Carelse glo in sy hart hulle kan dié toernooi wen as hulle net genoeg geld kan bymekaarskraap om op te ruk.

Jenny rig nasionale span af

Matie-vrouehokkie se son het selde nog so helder geskyn soos tans - Jenny King, direkteur van Universiteit se Hokkie-instituut en ook hoofafrigter van die vrouespan, is onlangs as afrigter van die Proteas, die nasionale vrouehokkiespan, aangewys. Sy sal terselfdertyd ook afrigter van die SA o.21-span wees.

Dit is die eerste keer dat een persoon met albei dié take belas word.

King, wat die afgelope elf jaar reeds afrig, het sedert 1985 (toe sy hier begin swot het) met Matie-hokkie te make en het pas saam met die Proteas uit Argentinië teruggekeer. Die SA-vroue, wat tans 12de op die wêreldranglys is, kon ongelukkig nie een van dié vier kragmetings wen nie, maar het wel onlangs Skotland in 'n toetsreeks geklop.

Ses lede van dié span is Maties, twee is Oudmaties en die sportwetenskaplike wat saam getoer het, is dr Karen Hugo, dosent in die Departement Sportwetenskap.

In Julie toer King saam met die Proteas na Virginia Beach in die VSA vir die Wêrelduitdaag-hokkietoernooi. En in September neem sy die SA o.21-span na Chile vir deelname aan die Junior Wêreldbekertoernooi.

Foto: Jackie Wiese

Agter vlnr is Jurie Roux (Bestuurder); Gio Aplon; Henoe Stoffberg; Graham Gant; Morgan Newman; Daniel De Villiers (Afrigter) Middel: Thinus Du Plessis; Quinton Kruger; Ernie Kruger; Dwain Brown (Kaptein en speler van die Toernooi) Voor: Rohan Steyl; Gordon Pangetti

Matie sewes doen dit twee keer agtereenvolgens!

Die Matie Sewes-rugbyspan het middel April geskiedenis gemaak toe hy die eerste span geword het wat die Melrose Sewes-toernooi in Skotland twee keer agtereenvolgens kon wen.

Sy oorwinning met 38-24 in die eindstryd teen die span van Melrose voor meer as 18 000 partydige toeskouers was 'n riller. Veral omdat die maroentruie rustyd 19-0 agter was en met sewe minute speeltyd oor (in dié eindstryd speel die spanne tien minute aan 'n kant) 24 punte moes inhaal. Hulle het egter voor die eindfluitjie ses drieë ingeryg waarvan vier verdoel is.

Die Maties het verlede jaar in die eindstryd met 36-35 teen die Nieu-Seelandse span Ponsonby geseëvier.

Melrose is die geboorteplek van sewes-rugby – reeds in 1883. Dit is die 115de keer wat die toernooi plaasvind – in teenstelling met wat baie mense as 'n jong weergawe van die sport beskerm!

Kirkpatrick weer hoof-rugbyafrigter

Ian Kirkpatrick, een van die bekendste name in SA-rugby, is weer hoofafrigter van die Maties. Hy was voorheen ook met dié taak belas en het die afgelope drie jaar terwyl dr Phil Pretorius in hierdie pos was na die Markötter- en die Maties se o.20-span omgesien. Met die vertrek van Pretorius aan die einde van verlede jaar is hy weer nadergetrek as hoofafrigter. Die kanniedood Kirkpatrick het reeds in 1953 sy Springbokkleure verwerf en in 13 toetse gespeel. Hy het o.m. die veelbesproke 1956-Boktoer na Nieu-Seeland meegemaak en ook verskeie seisoene vir Griekwas en Vrystaat uitgedraf. Hy word in Julie vanjaar 75.